SPESIALE AANBOD VAN
**HEMDE.**
Ons bied 'n beperkte hoeveelheid manshemde met twee los boordjies, in populêre kleure, aan teen
**12/6**
Kom sien hulle in ons vensters en doen u keuse vroegtydig.
**DIE EIKESTADWINKEL**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTRAAT,
Stellenbosch.

DIE
# Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL II, No. 18. VRYDAG, 31 JULIE 1942. PRYS 1d.

# „Die Matie" Vier Sy Eerste Verjaarsdag

## DIE RIGTING VAN „DIE MATIE"

### 'n Terugblik oor die Jaar wat verby is.

„Solank as die A.N.S. die hart van ons volk suiwer vertolk en 'n boodskap het vir ons studerende jeug, solank sal hy ook gesond en kragtig voortlewe, en solank sal hy ook 'n orgaan nodig hê om sy boodskap te dra........"

Met hierdie woorde het die Kanselier van ons Universiteit, dr. D. F. Malan, verlede jaar „Die Matie" by sy eerste verskyning verwelkom. Nà 'n jaar is dit besonder interessant om terug te kyk en 'n samevatting te gee van die boodskap wat „Die Matie" in hierdie tydperk gedra het.

Die stryd van „Die Matie" in die afgelope jaar was die stryd van die A.N.S. om in die donker toestande van volksverdeeldheid en „broedertwis" namens die studentejeug leiding te probeer gee. Met die boodskap wat hy t.o.v. die huidige politieke twis gebring het, het „Die Matie" hehelp om 'n sterker en meer lewenskragtige A.N.S.-tak op Stellenbosch op te bou as wat ooit tevore hier bestaan het.

#### EENHEID VAN GEDAGTE

Om hierdie rede het die A.N.S. hom gestel op die standpunt van volkseenheid geïntegreer om 'n eenheid van gedagte. Die A.N.S. het dus geweier om kant te kies in die politieke stryd en ons lees in „Die Matie" van 22 Aug. 1941 dat 'n beroep op dr. Malan gemaak word in 'n adres wat aan hom aangebind is om die volkseenheid te beskerm. In dieselfde uitgawe word die standpunt van „Die Matie" t.o.v. die H.N.P. en O.B. uiteengesit.

Die party se „eerste taak (is) om te hou wat hy verwerf het en te red wat te red is. Assulks verdien hy en geniet hy ook die volle steun van die A.N.S." Die O.B. „is 'n volksorganisasie in die sin wat 'n partyorganisasie dit nie kan wees nie, want in hom vind ons reeds die produk van 'n totaal nuwe oriëntasie in ons politieke lewe." „Ons mag nie nou die volk voor allerlei keuses stel nie, asof daar vandag gekies moet word tussen die party en O.B.! Want, as jy net die party kies, dan kies jy die status quo, die bestaande orde van dinge; terwyl die blote kreet van anti-kapitalisme die bestaande orde reeds verdoem."

Tog was daar 'n aantal lede wat nie tevrede was met die rigtings van A.N.S. nie en in „Die Matie" van 26 Sept. sien ons dat 'n klomp lede van die Stellenbosche A.N.S.-tak... besluit het om af te skilfer van die Afrikaans-Nasionale Studentebond" en om „terug te draai na die ou uitgediende liberaal-demokratiese weg." Die rede vir hierdie „afskilfering" was die onwilligheid van die liberale seksie in die A.N.S. om die tipies Afrikaans-Calvinistiese Leierskapsbeginsel te aanvaar.

#### ANTI-LIBERALISME

Weens die kragtige optrede van die plaaslike tak, het hy versterk uit die stryd gekom, sodat sy ledetal binne 'n paar maande alle vorige hoogtepunte oortref het. Dit het „Die Matie" die nodige stukrag gegee om met soveel meer ywer die Afrikaner-liberalisme te beveg, en om hierdie rede kon die A.N.S.-tak ook, soos blyk uit „Die Matie" van 17 Okt., 'n baie sterk standpunt inneem t.o.v. die Fort Hare kwessie.

„So het ook in Suid-Afrika die Afrikaans-Nasionale Studentebond reeds in 1940 met sy bekende Vryheidsmanifes die voortou geneem en

*Vervolg op bls. 3 kol. 2.*

### Van Ons Erepresident

Die volgende boodskap is deur ons Erepresident, dr. Hans van Rensburg, aan ons getelegrafeer:—

*Veels geluk met verjaarsdag „Die Matie." Hy dra sy deel by in stryd teen liberalisme en vir die nuwe Afrikanerdom. Sterkte.*

**Hans van Rensburg.**

## STEUN OPNUUT AAN ONS BLAD TOEGESÊ IN SY STRYD

Op 'n Vrydagmôre presies 'n jaar gelede is die eerste uitgawe van „Die Matie" by die drukkery feestelik ingewag. Vanaf daardie oggend het „Die Matie" nog gereëld elke week gedurende die akademiese jaar verskyn, met die uitgesproke beleid om 'n positiewe bydrae te lewer in die stryd teen Liberalisme. In hierdie stryd is „Die Matie" geweldig gesterk deur die daadwerklike ondersteuning en opregte waardering van dosente, oud-studente en lede van die publiek.

Hieronder volg 'n paar boodskappe vir die verjaarsdaguitgawe van „Die Matie."

### GELUK „MATIE"!

#### Van Dr. S. J. Pretorius.

Al meermale het studente van die Universiteit van Stellenbosch, individueel of groepsgewyse, as voorvegters opgetree vir die bevryding van die Afrikanervolk van vreemde invloede. Nog nooit, egter, is die stryd so doelbewus, met so 'n duidelike rigting, en met soveel erns en welslae gevoer as gedurende die afgelope jaar onder leiding van die plaaslike tak van die A.N.S. en die plaaslike studenteafdeling van die Ossewabrandwag nie. Hiertoe het „Die Matie," as A.N.S.-orgaan onteenseglik veel bygedra. Namens alle enersdenkende studente, oudstudente, en ander volksgenote—nie net diegene wat die stryd met belangstelling gevolg en ondersteun het nie, maar ook diegene wat geen kennis daarvan dra nie maar wel die vrug sal smaak—wil ek derhalwe by die viering van die eerste verjaardag van „Die Matie" graag 'n paar woorde van opregte waardering en dank rig aan die plaaslike A.N.S.-leiers en hulle medewerkers vir die onbaatsugtige diens wat hulle aan die studerende jeug en die hele Afrikanerdom bewys het en nog bewys. Laat ons hulle toeroep: „Gaan voort, u volk sal u daarvoor eer!"

Alhoewel klein en beskeie, het „Die Matie" selfs al gedurende die eerste jaar van sy bestaan, met sy positiewe beleid en sy hoë joernanistieke gehalte, 'n baie belangrike taak vervul. Die toestand waarin die huidige Regering ons land gedompel het, die gebreke en leemtes in ons maatskaplike en ekonomiese instellings, die demoraliserende uitwerking van die partystelsel, is enersyds onomwonde aan die kaak gestel; maar daarbenewens is die koers na 'n vrye volks- en gesagstaat waarin daar geen plek vir uitbuiters, demagoë, en selfsugtige persoonlike belange sal wees nie — 'n koers wat niks minder as groot rewolusionêre veranderinge verg nie — op ewe ondubbelsinnige wyse aangedui. Hierdeur het „Die Matie" die guns en waardering van baie

*Vervolg op bls. 4 kol. 3.*

### Ons Uniale Leier.

Ons het die volgende telegram van A.N.S. se Uniale Leier ontvang:

*Hartelik geluk met eerste jaar van bestaan. Laat die suiwer klank ook in die nuwe jaar hoor.*

**Postma.**

### Van Prof. J. A. Wiid

„Die Matie" staan vir 'n idee, die idee van die Twintigste eeu. As sulks doen hy baanbrekende werk, voorsien hy in 'n behoefte en verdien hy 'n toekoms. Mag hierdie idee dien as anker en stuur op 'n oseaan van verwarring!

### Van 'n Oud-Matie.

Die idee waarvoor „Die Matie" staan het reeds gewen. Julle teenstanders se wapen teen julle sal meer en meer wees dié van nabootsing. Volhard in julle taak en met die verjaardag kan u almal terug dink aan 'n jaar van suksesvolle arbeid wat agter die rug lê, en ons Oudmaties wat glo in die Nuwe Begin van die 20ste eeu, marsjeer saam die Nuwe Jaar in. Nie alleen ons beste wense vergesel u nie, maar wees verseker van ons ondersteuning.

**J. A. Hurter, George.**

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.
**Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.**
**JOERNING EN SEUN**
(Eiens ) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**GOEIE NUUS**
So pas ontvang, 'n Nuwe versending Matie-truie met moue 18/2, sonder moue 10/7½.
Grys, Blou en Donkerrooi Hoë Kraag Oortrek-jersies 13/11½
Mans Hemde met 2 Los Boordjies of met Vaste boordjies teen 10/11, in Effe Kleure, Grys, Blou en Groen.
Mans Grys en Vaal Alba Flenniebroeke 33/8½ en ander teen 25/6 en 27/6.
Die Alombekende Rex Royal Broeke 39/6, gewaarborg onkrimpbaar.
*Vergelyk eers ons pryse vóór u koop.*
**GEBROEDERS DE WET (EINS.) PBK.**
Bus 21. STELLENBOSCH. Foon 20.

**Suikerbossie Melksalon**
●
HOOFKWARTIER van GESONDHEID.
●
Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

## PLATE-PROGRAM

*Sondagaand om 8.30*

### 'N UURTJIE MET SCHUBERT

„Ek beskou Musiek as die Wortel van alle Kunste"—H. v. Kleist.

Franz Schubert is in 1797 te Wene, waar hy sy hele lewe sou woon, gebore. Sy vader was 'n musikale skoolmeester en het 'n privaat orkes, waarin Franz later viola gespeel het, organiseer. Op 11-jarige leeftyd gaan hy na die Koninklike Kapel Koorskool, waar hy van jongs af komponeer. Later help hy sy vader in sy skool, totdat vriende hom te hulp kom, maar hy het nooit finansiële onafhanklikheid bereik nie.

Schubert was 'n tydgenoot van Beethoven (1770 — 1827) en het hom jare vanaf 'n distansie eerbiedig, en het hom eers op sy sterfbed besoek, toe Beethoven hom as sy opvolger begroet het: „Franz het my siel." Schubert was fakkeldraer by Beethoven se begrafnis, en 'n paar maande later (1828 — Schubert is op 31 jarige leeftyd oorlede) moes die vriende, wat hom vergesel het, by sy begrafnis fakkels dra. Sy laaste gedagtes was oor Beethoven en hy is, soos sy begeerte was naby hom begrawe. Sy nagelate besittings (klere en honderde komposiesies — baie daarvan beroemd vandag) is teen £2-10-0 waardeer.

Schubert se musiek is by uitstek romanties. Hy was 'n spontane musikus en het nooit hard gewerk om te komponeer en het nie, soos Beethoven, sy komposiesies versigtig uitgedink nie. Percy Scholes het gesê: „Schubert het sy afronding, wanneer hy dit verkry het, verkry deur die perfektheid van sy inspirasie en die vertroubaarheid van sy opbouende instink. Die beste van sy baie werke sal altyd bekoor weens die melodie, die verfynde harmonie en die gemaklike, gelukkige gees, of indien meer ernstig, die opregte, en tog nie te diep, uitdrukking van 'n meer sobere gevoel." Die lieriese is die groot

Ondersteun die C.S.V.-Basaar, Saterdag, 1 Augustus, in die C.S.V. Hoofgebou, om 10 v.m. en 7 n.m. (Adv.)

eienskap van sy werk.

By uitstek was Schubert 'n liederkomponis (hy het 600 geskryf op goeie en selfs slegte woorde). Verder het hy gekomponeer: kamermusiek, 9 simfonië, operas, misse, klavierwerke, ens.

(1) „Entr'actes No. 2 in B mol, Op. 26" is deel van die bybehorende musiek tot 'n toneelstuk.

(2) Drie liedere: „Erlkönig" — beskryf 'n kind wie se siel weggegryp word deur die bose gees, die Erekoning van die woud. „Die Post" en „Das Wirtshaus" is albei uit „Winterreise" Op. 89.

(3) Die „Trio No. 1 in B mol, Op. 99" is een van die skoonste voorbeelde van kamermusiek. Dit is in 1827 gekomponeer in is sterk beïnvloed deur Beethoven (b.v. end van 5de sy). In die erste deel (Allegro) word die kragtige hooftema dadelik deur die viool en tjello aangegee, en die tweede onderwerp, 'n lieflike melodie van breë omvang, word deur die tjello aangegee. Die tweede deel (Andante) is een van die lieflikste wat Schubert geskryf het, en die hooftema vloei uit die tjello. Dikwelse modulasie is weer 'n kenmerk van dié beweging. Die opgewekte klein scherzo is uiters effektief, en die hooftema word eers in die klavier gehoor. Die walsagtige trio is besonder klaend. Die Finale is in rondo-vorm (Allegro Vivace) en het as sy hooftema 'n dartelende melodie, waarna 'n tweede tema, wat later 'n aantal kere verskyn, gehoor word. Die deel bestaan uit 'n afwisseling van die temas en dit word afgesluit deur 'n Coda (Presto).

## Voorslag-Kommando se nuwe Aanvoerder

Veldkornet J. (Bokkie) Verster is aangestel as Kommandant van die Voorslag-kommando in die plek van Komdt. W. R. Laubscher, wat weens drukke akademiese werk tydelik ontslag moes neem en voortaan as Voorligtingsoffisier op die staf van die Hoofkommandant sal dien.

Aldus 'n verklaring van Hoofkomdt. W. A. Joubert.

*Vervolg van bls. 1 kol. 2.*

hom heelhartig geskaar agter die groot beginsels wat vir die Afrikaner ten grondslag lê van sy stryd en van die Rewolusie van die Twintigste Eeu. Om op hierdie grondslag voort te bou is die taak wat die A.N.S. hom ook in 1942 stel." Dit lees ons in „Die Matie" van 28 Feb. 1942; dit was die taak van die A.N.S. vir hierdie jaar.

### VOLKSORGANISASIE

Op 6 Maart lees ons: „dat as ons weet dat die verdeeldheid rampspoedig vir ons volk is, en dat die vernaamste oorsaak daarvan die liberalistiese partypolitiek is, en dat die redmiddel volksorganisasie is: dan is dit seer seker ons plig, nie alleen om ons saam met ons volk binne die volksbeweging te skaar nie, maar ook om met 'n luide basuingeskal ons verdwaalde volksmakkers na ons te roep." En „Die Matie" het nog steeds teen hierdie liberalisme te velde getrek.

Maar meer nog: „Die Matie" beveg nie alleen die wantoestande nie maar het op 22 Mei die manifes wat uitgereik is deur die plaaslike front, wat positief aandui wat ons presies wil hê, gepubliseer.

Die inhoud van ons strewe na 'n Christelik-Nasionale Republiek word hiermee uitgekristalliseer.

Dit was die boodskap van „Die Matie" in die verlede, en dit sal die boodskap van „Die Matie" wees in die toekoms.

*Vervolg van bls. 2 kol. 4*

tering gevolg. 'n Openhartige Amerikaanse senator, volgens 'n Reuterberig uit Washington, het in die Senaat verklaar dat Hitler sy dreigement om genoeg duikbote te voorskyn te bring om die Amerikaanse voorradelinies af te sny, ten uitvoer gebring het. „Dis die grootste gekheid dat ons nog sal probeer om skepe vinniger te bou as wat Hitler hulle tot sink kan bring," het hy gesê.

As die oordeel van hierdie Amerikaanse senator juis is dan kan dit met die Geallieerde skeepvaart nie te goed gaan nie. As verder in aanmerking geneem word dat die oorlogsvoering van die Geallieerdes juis deur die skeepvaart bepaal word dan is dit moontlik dat dit ook met hulle oorlogsvoering nie te goed mag gaan nie. Die produktiewe Amerika kan tot die oorlogspoging weinig bydra as die skeepsruimte ontbreek om die oorlogstuig aan die front te besorg. Berge van oorlogstuig in Amerika sal 'n bedreigde Rusland of Australië weinig baat tensy daar skepe is om daardie oorlogstuig na Rusland en Australië te vervoer. Berge van vleis in Argentinië sal die Brit weinig baat tensy daar skepe is om daardie vleis na Brittanje te vervoer. Veral Brittanje is nou eenmaal nie selfversorgend nie en vandaar die onontbeerlikheid van die skeepvaart.

Met die oog op die ernstige posisie van die skeepvaart is aan die Amerikaanse Senaat 'n plan voorgelê om 'n vloot van reusetransportvliegtuie te bou teneinde troepe en voorrade na die fronte vervoer. Volgens hierdie plan sou „lugtransport die enigste moontlike kans bied om die oorlog te wen." Volgende keer meer hieroor.

## Onder Onsies

Mnr. v. Eeden het Maandag uit Rhodesië hier aangekom en kuier nou by sy broer dr. B. v. Eeden.

* * *

Mej. Greta Bremer is aangestel as lektrise in liggaamsopvoeding in die plek van mej. Hester Morrison. Mej. Bremer sal weer haar plek in die 1e Hokkiespan inneem — dit is voorwaar 'n groot aanwins vir die span, want sy is 'n kranige Hokkie speler.

* * *

Mejj. Miems Human en Mara Smit, albei oud-Huis-ten-Bossers, is aangestel op die personeel van Bonnievale en Bloemhof (Tvl.) onderskeidelik.

* * *

Mnr. Barend Blommaert en mej. Miriam Bosman, wat gedurende die vakansie in die huwelik getree het, is tans in Springs woonagtig waar mnr. Blommaert onderwys gee.

* * *

Mnr. en mev. Siebert Wiid is aangestel as huisvader en-moeder van die skoolkoshuis op Hopefield.

* * *

Mej. Marie Dreyer van Bloemfontein, het verlede naweek deurgebring by haar suster mej. Erica Dreyer van Huis-de-Villiers.

* * *

Mej. Suzanne Malan wat vir ses maande in „Sonop" was is met groot vreugde van die Monicaners weer terug in Monica.

* * *

Rolien v. d. Riet, oud-primaria van Monica, nou mev. dr. Joubert van Kakamas, het gedurende die vakansie geboorte gegee aan 'n baba. Veels geluk Rolien!

* * *

Hiermee wil „Die Matie" ook sy gelukwensing oorbring aan twee Matie pare wat in die afgelope tyd verloof geraak het, nl.:

Mnr. Klaas Pansegrouw, lektor in Sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch, en mej. Ora Brink, onderwyseres aan die Volkskool, Graaff-Reinet, en

Mnr. Jan Mouton en mej. Juliana van Wyk.

* * *

Verlede Vrydagmôre het die 3e jaar geografie-studente saam met dr. Conradie sy doktorskap in Suikerbossie gevier.

HALDENWANG!!

HEERLIKE GEBAK — NET WAT U HART BEGEER.

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.

(FOON 135)

Alfred Blommaert,

(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

*Daar's 'n Rede*

Die knapste Student kry die beste pos.
Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.
Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

Pro Ecclesia-Drukkery,
Die Laan, Stellenbosch.

'N DRINGENDE beroep op Vierdejaars- en Landbou-Studente

*Dit is Uiters Noodsaaklik dat bg. studente onmiddellik hulle voorgeskrewe boeke vir aanstaande jaar bestel.* - - - -

C.S.V.-Boekhandel
Pleinstraat
STELLENBOSCH

*Ondersteun Die Matie*

DIE PÊRELSE STOOMWASSERY

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar : Mnr. W. Marsh.

Rook Springbok-Sigarette

# Onheilige Kompromis Tussen Rassesuiwerheid en Negrofilisme Dreig

## S.V.R. Verkrag Standpunt Van Studente-Unie

### Liberalistiese Konsiliasiebeleid Steek Weer Sy Kop Uit

**As gevolg van 'n besluit van die S.V.R. Dinsdagaand word 'n konferensie met die negrofiele van U. Wits in die vooruitsig gestel. Dit sal onthou word dat die studente-unie verlede jaar besluit het om op grond van Wits se beleid van nie-skeiding van blank en gekleurd hulle te skaar by die Afrikaner-minderheid aan Wits en alle kontakte met die Universiteit te breek.**

Die aanleiding tot die besluit was 'n brief van Wits se Rektor, Prof. Raikes, waarin hy sy spyt te kenne gee dat betrekkings verbreek is en 'n voorstel maak in raadpleging met die Minister van Onderwys, dat 'n konferensie van verteenwoordigers van alle universiteite belê word om die moeilikheid te probeer oplos. Hy gee verder in die brief, egter, duidelik te kenne dat Wits nie geneë voel om van hul beleid ten opsigte van segregasie af te sien nie.

VOORSTEL.

Toe die brief ter tafel gelê is het die plaaslike A.N.S.-leier, mnr. W. A. Joubert, onmiddellik die volgende voorstel gemaak: —

„Hierdie Raad bekragtig die standpunt van die Studente-unies van Stellenbosch, U.P., P.U.K. en U.K.O.V.S. ten opsigte van die segregasie-kwessie aan Wits soos verlede jaar deur onderhandeling uitvoerig en totaal vrugteloos aan hulle gestel, en verklaar dat hy die voorstel om te konfereer nie kan aanvaar voordat Wits sy beleid in die saak gewysig het nie."

Mnr. Joubert het sy standpunt as volg gemotiveer: —

1. Verlede jaar het die studenteunie na uitgerekte onderhandeling besluit om hulle te skaar by die Afrikaner-minderheid aan Wits en en alle betrekkinge met die Universiteit te breek aangesien Wits nie alleen die beginsel van segregasie verwerp het nie, maar met die praktiese toepassing van 'n beleid van nie-segregasie die posisie van die Afrikaners aan die Universiteit onmoontlik maak, en die *Afrikaners* in werklikheid segregeer.

2. Die Afrikaner-standpunt is al baie duidelik aan Wits gestel, veral waar die A.N.S. die stryd al jarelank aan Wits voer.

3. Wits het hul standpunt en beleid nognie in die minste gewysig nie en toon soos uit die brief blyk ook nie geneentheid om dit te doen nie.

4. Stellenbosch het in sy besluit verlede jaar saam met die ander Afrikaner-sentrums en die minderheid aan Wits in 'n Afrikaner-blok die stryd aangeknoop teen die negrofilisme en daarom betrekkinge met Wits gebreek.

5. Aangesien Wits sy beleid nognie gewyseg het nie sou dit 'n lynregte verkragting van die studenteunie se standpunt wees (wat ná lang onderhandeling ingeneem is) as die S.V.R. nou weer besluit om te onderhandel.

6. Wits se voorstel vir 'n konferensie is dus totaal-en-al misplaas aangesien die Afrikaner die aanmatigende houding van die negrofiliste met geen kompromie tegemoet kan kom nie, en lankal verplig was om alle konsiliasie-politiek te laat vaar ten einde die frustrasie van sy eie ideale te voorkom.

Die hele strydpunt kristalliseer dus uit tot 'n keuse tussen die liberalistiese konsiliasie-politiek en die positief-Afrikaanse beleid.

Hierdie voorstel is gesekondeer deur mnr.Buks Fouché, en verder ondersteun deur mnre. David Snyman, Jan Mouton en Christie Slabbert.

TEENVOORSTEL AANGENEEM.

'n Teenvoorstel is gemaak deur mnr. Coligny Murray ten effekte dat „Hierdie Raad aan die konferensie sal deelneem." Dit is gesekondeer deur mnr. Eddie H. Botha. Hulle het hulle op die standpunt gestel dat daar wel nog 'n moontlikheid bestaan om die negrofiele te oorreed tot toegewings aan die Afrikanerstandpunt.

Die voorstel van mnr. Joubert is verwerp met 10 stemme teen 5, en daar is verder bepaal dat die afvaardiging van Stellenbosch sal bestaan uit drie studente en een dosent. Daar is aan die hand gegee dat die konferensie sal plaasvind onder voorsitterskap van die Sekretaris van Onderwys.

### Organisasiedag

Op 8 Aug. word Organisasiedag op Coetzenburg gevier onder beskerming van die plaaslike O.B.-Studentekommandos.

'n Uitstekende program is vir die dag gereel: **Basaar, Braaivleis, Middagete, Boeresport, Volkspeletjies** is van die vele bykomstighede by die eintlike program.

Bring bekers saam.

## A-Nee-A Maties ! !

### Wat dan van die „Pirates of Penzance"?

In die loop van die jare van sy verblyf op Stellenbosch het Herr Endler hom gedurig ingespan om musiekopvoerings van 'n uitstaande gehalte te reël en op die planke te bring. Die kulminering van sy prestasies in hierdie verband het verlede jaar in September plaasgevind met die opvoering van „Die Skepping" van Haydn.

Vroeg vanjaar weer, het hy 'n nuwe poging op tou gesit, met die oog op die opvoering van „Pirates of Penzance," maar nou, na veel moeite van die kant van Herr Endler en Mej. Wandelt, en na ook 'n aansienlike som geld alreeds aan voorlopige onkoste bestee is, moet die plan gelaat word, omdat die nodige aantal deelnemers nie gevind kan word nie.

Herr Endler werk nie vir homself nie, maar vir die Universiteit, vir *ons*. En as die 2,000 studente van 1942 nie die paar mense kan oplewer wat vir daardie doel nodig is nie, beteken dit nie alleen ernstige teleurstelling vir Herr Endler nie, maar ook 'n ernstige refleksie op onsself, en 'n verwaarlosing van die goeie voorbeeld van ons voorgangers.

*Indien daar nou nog die nodige aantal deelnemers — veral tenore en basse — gevind kan word, sal daar voortgegaan word met die opvoering. Meld u dus dadelik aan by Herr Endler.*

*Vervolg van bls. 1 kol. 4.*

medestudente en ander volksgenote ontvang waarvoor daar stellig ook dankbaarheid bestaan. Maar ook hierdeur het hy tot voorwerp van afguns verhef wat wellig net soveel (indien nie meer nie) stof tot dankbaarheid behels!

Die stryd is, helaas, nog nie voleindig nie. Maar die stryd wat u, en so baie ander saam met u, stry, is 'n eerbare en mag om hierdie rede alleen nie versaak word nie. Dat „Die Matie" steeds mag dien as draer van die geloof en vertroue wat u, en ons, het in die regverdigheid van ons strewe, is die opregte wens van menige hart. En indien die opdraende al hoe steiler mag word, dink aan die woorde van ons volksskrywer en -digter (Langenhoven):

„As jy te stry het teen onreg, en verdrukking, en dwingelandy en valse leer en bygeloof: wees jou edele stryd waardig. Jy stry nie vir jou voordeel nie, jy is 'n kampvegter vir andere; 'n martelaar vir jou medemens; en hoër adelrang as dié bereik die mensheid nooit op aarde nie. As jy neergeslaan word, spring weer op en slaan weer met jou verminkte, verswakte, hande: jy sal te gronde gaan, maar die segepraal van een Luther is gebou op die nederlaag van menige Huss. Dit is een van die naels van jou kruis, dat jy sal wanhoop of jy jou volk 'n tree nader gebring het na die beloofde land; dat jou offer sonder erkentnis is. Maar waaragtig, as jy die man is wat tog volhard, is jy die sout van die aarde."

## Ons Bou

Kyk, en een nag terwyl die maan daaroor geglim het, het ons eie bodem mos gebaar; ja, uit ons eie bergbodem het ons ons eie Toekoms verrys en daardie môre vroeg, toe die maan reeds al 'n rooi bol was, en die son nog ver was, toe het die **Voorteken** alreeds daar op die berghang gepryk, klein en tengerig dis waar, maar, tog volmaak van gedaante en simboliek.

En die hele van daardie dag het hy gegroei; en vir baie was dit 'n gruwel.

En die hele van daardie nag het hy gegroei; en vir baie het hy 'n verskrikking geword.

En daardie môre is 'n aanslag op hom gemaak, maar hy wat nie uit kaas gebou was nie, het, hoewel vermink, tog bly staan.

En hy het weer gegroei, om daardie middag in volmaakte luister bo die vandale te troon.

En daardie nag het die maan weereens oor hom geglimlag.

En toe dit môre word was sy taak voltooi. Rustig het hy gewag op vreesbevange hande om hom uit te wis. En dit het gebeur.

Maar die littekens het bly staan, en sal vir ewig bly staan.

O magtige simboliek!

## A.K.V.

**Prof. F. E. J. Malherbe sal eerskomende Dinsdagaand om 8 uur 'n lesing in die Hollandse saal hou oor „Die Kuns van Jan Toorop." Almal Welkom.**

Die afgelope Boerorkes-konsert was die honderd-en-tweede konsert waaraan mnr. Barnie Lombard en sy pop deelgeneem 'et. Dis 'n prestasie Barnie!

„Die Uitspan"
Waar? In die C.S.V.-Hoofgebou.
Wat? KAFEE waar warm etes, warm- of koeldranke en allerlei lekkernye bedien word. - - - -
Voorwaarde? Kom vind uit en wees verseker van bevrediging in „Die Uitspan"

Onthou . . .
J. C. BERGH
Die Kleremaker!
• Vir u volgende Pak
• Werk Gewaarborg
• Billike Pryse
• Beste Materiaal
*Nuwe Adres:*
Net langsaan die Suikerbossie!

*Ondersteun*
Hendrikz se Slaghuis en Viswinkel
*Die beste dienste word gelewer.*
*ADRES: ANDRINGASTRAAT.*

Goeie Raad !
Vir Netjiese Drukwerk en ander Skryfbehtoeftes
Besoek
DOWSON
Ons Staf tot U Diens.

DIE EIKE KAFEE
*(Eienaar: van der Wes.)*
STUDENTE:
Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

MATIES
ONTHOU!
Die
REKREASIE SALON'S
Is hier om tot Diens te wees
Vir beide Mans en Dames
Studente.
Foon 317.
Reg oor die Poskantoor.